

Vir die gelowige is die Bybel die Woord van God. God openbaar Homself deur Sy Woord wat in die onderskeie boeke van die Bybel opgeneem is. In die konteks van hierdie gelowige beskouing van die Bybel, hoor mens dikwels die woord "Skrifgesag". Die gebruik van die woord "Skrifgesag" het baie algemeen geword, maar dit is nie 'n vanselfsprekende woord met 'n eenvoudige, logiese betekenis nie.

PROBLEMATIEK

Party mense assosieer die begrip "Skrifgesag" met die idee dat die Bybel onfeilbaar is, op 'n historiese en natuurwetenskaplike, en soms selfs op grammatiese en literêre wyse. Ons moet eers goed nadink oor wat ons met die begrip bedoel voordat ons sulke uitsprake of aannames daaraangaande kan maak.

Die woord "Skrifgesag" is nie 'n woord wat uit die Bybel kom nie, alhoewel ons in die Bybel 'n paar dinge oor die konsep leer: eerstens - die Woord (of ten minste sekere boeke van die Bybel) beskou homself *gesagvol om dinge oor God te sê* ; tweedens - die Woord het *gesag oor mense* se lewensbeskouings en lewenswyses.

Omdat ons egter met baie verskillende boeke in die Woord te doen het, moet ons beseef dat ons nie in elke boek sulke aansprake kry nie. Daarom is die woord "Skrifgesag" eintlik misleidend, asof alle boeke in die Bybel oor dieselfde kam geskeer kan word; daarom dan die meer geldige vraag: wat is dit wat aan elke afsonderlike boek die gesag gee om deel van die kanon te wees? Is dit omdat daardie spesifieke boek vertrou kan word dat dit met gesag dinge *oor God en ons lewens* te sê het?

Die kwessie raak egter al ingewikkelder: is dit reg dat hierdie laasgenoemde twee vrae in die eerste plek gestel word? Plaas ons nie vereistes aan elke afsonderlike geskrif wat nie oorspronklik as vereiste gegeld het toe dit in die eerste plek as deel van die Torah, Pentateug, Profete of Geskrifte opgeneem is nie, of as geskrifte in die eerste Christengemeenskappe gebruik is nie? Nog verder: is dit reg dat ons as Christene dieselfde Ou-Testamentiese boeke het as die Jode wat Jesus verwerp het, terwyl die Jode van Jesus se tyd ander boeke ook as God se Woord beskou het? In die Nuwe Testament word verwys na en aangehaal uit boeke wat nie vandag in ons Bybels is nie. Is dit reg dat ons boeke uit die kanon hou terwyl die gelowiges in die Nuwe-Testamentiese tye hulle as gesagvol aanvaar het?

Ek hoop dat bostaande paragrawe aan u gewys het dat ons nie met 'n eenvoudige konsep en vraagstuk sit nie! As ons met "Skrifgesag" bedoel dat dit gaan oor die "gesag" van die Bybel as die openbaring en Woord van God, moet ons eers goed nadink op grond waarvan ons so 'n stelling kan maak. 'n Mens moet eers na die Bybel se aard, ontstaan, inhoud en ander faktore kyk voordat ons selfs 'n definisie van die woord "Skrifgesag" mag waag.

DIE SAMESTELLING VAN DIE BYBEL:

Die belangrikste insig wat nodig is, myns insiens, is dat daar nie *op sigself* iets soos "die Bybel" bestaan nie. Die Bybel bestaan uit verskillende boeke wat in verskillende wêrelddele vir mense betekenis en gesag *gekry het* as Woord van God. Soos die Nederlandse Geloofsbelijdenis dit baie mooi stel: Ons lees in art 5:

"Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin (in die 66 boeke van die Bybel) vervat is, nie juis omdat die kerk (kerkleiers) hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is."

Geloof en 'n verhouding met die Here en sy Gees, is dus absoluut noodsaaklik om die gesag wat in die Woord rus, te eien. Indien jy dus nie 'n gelowige is wat met hierdie boeke lewe van dag tot dag nie, en jy nie die Heilige Gees in jou lewe het en deel is van 'n geloofsgemeenskap nie, sal dit dus 'n groot vraag wees of jy enige een van die Bybelse boeke as "gesagvol" (kanonies) sou kon of wou beskou.

VERSKILLENDE BYBELS

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat, alhoewel ons *glo* dat die onderskeie boeke hulle gesag aan ons via die Heilige Gees kommunikeer, dit 'n subjektiewe geloofsaak bly ("*in ons harte*"). Omdat daar 'n subjektiewe element is, is daar dan ook verskillende geloofsgroepe wat inderdaad verskillende Bybels met verskillende hoeveelhede boeke (beide in die Ou en Nuwe Testament) gebruik. Die Rooms-Katolieke, Koptiese, Siriese en Etiopiese Kerke het elkeen 'n ander "Bybel" as die een wat deur die meeste Protestante gebruik word. Die eerste poging wat ontstaan het om die boeke wat gesag het (kanon) vir Christene te eien en af te skei van ander wat nie so gesagvol was nie, het in die vierde eeu na Christus plaasgevind. Teen hierdie tyd was die Ou-Testament reeds vasgestel in die vorm van die Tanakh. Die Wet (Torah) en Profete was reeds vasgestel teen die tyd wat Jesus op aarde was. Oor die finale datum van vasstelling van die Tanakh as kanon, is daar geen konsensus nie. Daar word bespiegel oor datums wat heers van jare voor Christus tot 49 en selfs 200 na Christus. Die Protestantse Bybel het eers sy amptelike afbakening ontvang in 1618-1619 by die Sinode van Dordt. Daar was natuurlik van die begin af 'n nie-amptelike kanon of Bybel, maar dit het gewissel van plek tot plek en tussen geloofsgemeenskappe. Vir die Protestante het hierdie "lukrake" gebruik van die verskillende boeke min of meer tot 'n einde gekom met die Sinode van Dordt. By die Konsilie van Trente (1545-1563) het die Rooms-Katolieke Kerk hulle kanon vasgestel. Die Grieks-Ortodokse Kerk het Openbaring eers in 1672 as gesagvol erken en bevat talle boeke wat nie in die Rooms-Katolieke Bybel is nie.

GESAG?

Die Bybel het m.a.w. duidelik nie "gesag" omdat dit op sigself 'n boek asof vanuit die hemel is nie, of so duidelik deur God "geïnspireer" is op een spesifieke wyse nie. Daar is die een pragtige vers: ***Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, 2 Timoteus 3:16 (AFR1983).*** Dit is die enigste keer dat die woord *geïnspireer* in die Bybel voor kom. Ons *glo* met ander woorde dat die Woord geïnspireer is deur God, maar enigiets meer as dit, word menslike konstruksie oor wat hierdie "inspirasie" behels. Dit is ook interessant om die vraag te vra wat vir Paulus as "die hele Skrif" gegeld het. Die Skrif self gee nie 'n dogmaties-uitgewerkte leer oor wat "inspirasie" beteken nie. Wat wel duidelik is uit die onderskeie boeke, is dat daar onderskeie vorms van "inspirasie" was. Net so is daar nie in die Bybel uitgewerkte leer oor verskeie literêre tipes nie, nog minder oor die konsep "onfeilbaar" wat so maklik gebruik word aangaande die Bybel (m.a.w. weer eens 'n mensgemaakte konstruksie). Al wat volgens die Bybel "onfeilbaar" is, is die "liefde van God" (Ps 31:7).

Die "inspirasie" van die onderskeie skrywers, oorskrywers, medewerkers, vertalers ens het op verskillende wyses gebeur. Soms deur 'n droom of 'n gesig. Soms deur direkte opdrag van God af. Soms deur volksverhale wat na lang oortellings neergeskryf is. Soms deur die passie van menslike seksualiteit wat 'n erotiese liefdeslied tot gevolg het (Hooglied).

Soms deur intensiewe "wetenskaplike" navorsing deur die skrywer (sien Lukas oor sy evangelie en die boek *Handelinge*).

Die begrip "inspirasie" is ten slotte ook maar 'n menslike, teologiese woord om iets te probeer verduidelik van die aard van die Bybel uit menslike, teologiese oogpunt. Ons kan dus nie terugval op een vers in die Bybel en een woord wat een keer voor kom, en dan 'n hele uitgewerkte leer daarvoor aanbied as finale, verantwoordbare en geloofwaardige antwoord oor wat die begrip "Skrifgesag" beteken nie. Die vraag bly met ander woorde oor wat ons presies bedoel as ons praat van "Skrifgesag"?

GELOOFSGEMEENSAP

Op pad na 'n antwoord moet ons in die eerste plek besef en erken dat ons met "geloof" te doen het, en geloof is 'n gedeelde, dog subjektiewe, keuse wat ons maak om volgens sekere oortuigings en waardes te lewe. Daar is altyd kultuur en tradisie waarop hierdie oortuigings en waardes gebou is. Geskryfte vorm deel van daardie kultuur en tradisie. Dit is waar die Bybel vir die gelowige Christen-gemeenskap in pas. Die Bybel is die versameling geskryfte wat deur 'n geloofsgemeenskap van ouds af aanvaar is as uitdrukking en basis van hulle gedeelde geloofsoortuigings en ervarings. Dit is die boeke wat hulleself bewys het as boeke wat die waarheid aangaande God vertel en waarde het om gelowiges in verskillende situasies aan te spreek. Daarom is dit natuurlik en noodwendig dat daar verskillende kanons tot stand gekom het, totdat dit uiteindelik uitgekristaliseer het in enkele verskillende "Bybels" wat vandag gebruik word. Wat 'n wonderwerk is dit nie, dat na 7 000 jare van geloofsgeskiedenis, daar maar sowat 6 verskillende Bybels bestaan! Die verskille wat tussen die Bybels bestaan, tas ook nie die kern van die Christelike geloof aan nie. Die feit dat ons 'n vasgestelde kanon het, beteken ook nie vir 'n oomblik dat ons nie die ander boeke (genoem die Apokriewe) mag lees nie. Dit word net nie beskou as met dieselfde gesag geklee as die kanoniese boeke nie. In ons huidige kanon het ons boeke wat met mekaar verskil, bv Spreuke wat algemene waarhede oor die lewe verkondig (*lewe reg en dit sal goed gaan met jou*), en dan boeke soos Job en Prediker wat juis wil aantoon dat daardie algemene waarhede nie altyd waar is nie (*al dien jy die Here, kan slegte dinge gebeur wat nie maklik verklaar kan word nie*). Die kanoniese evangelies verskil subtiel en soms minder subtiel van mekaar in die wyse waarop hulle Jesus beskou. Nie daardie verskille, of selfs verskille met Apokriewe evangelies soos die Evangelie van Thomas, is groot genoeg om die geloofwaardigheid van die verhaal van Jesus Christus te negeer nie. Vanuit watter hoek ookal gesien, Jesus Christus en sy lewe, dood en opstanding vorm die middelpunt van die Christelike geloof. Hy is die Lewende Woord waaruit die Bybelse boeke hulle status as Woord van God mag ontvang.

GELOOFWAARDIGHEID

Waarom lê die gesag, of dan geloofwaardigheid, van die kanoniese Bybel uiteindelik? Myns insiens in die "relasionele" karakter daarvan. Dis nie 'n boek wat kamtig uit die hemel geval het nie. Dis nie 'n boek wat op een of ander mistiese, bo-natuurlike manier in iemand se gedagtes opgeklim het om klakkeloos neer te skryf nie. Dis 'n versameling boeke wat elkeen op sy eie, unieke manier tot stand gekom het. Elke boek het in verhouding (relasie) tot spesifieke gelowiges in spesifieke situasies tot stand gekom – dit was mense se lewenservaringe in verhouding (relasie) tot God waarin die gebeure tot stand gekom het waarvoor later geskryf is. Mense wat in verhouding tot hierdie verhale gelewe het (bv iemand wat dieselfde gevare of vyande moet trotseer, of wat dieselfde geloofservaringe had) het dit oortel, andere het dit later neergeskryf. Ander het dit gelees, oorgeskryf, oortel, die hele tyd in relasie tot die mense oor wie die verhale gaan, en in verhouding met die God wat sentraal tot al die verskillende verhale en mense staan.

Die aard, ontstaan en inhoud van die onderskeie boeke onderstreep dat God 'n God van verhoudings is. Sou hierdie God dan nou buite sy eie aard om geskifte oor Hom op 'n ander manier tot stand laat kom as juis deur die mense met wie Hy 'n verhouding het en gehad het? In hierdie relasionele karakter van die boeke van die Bybel en in die relasionele wyse waarop die kanon(s) tot stand gekom het, lê die geloofwaardigheid en daarom ook gesag, van die Bybel vir my. Persoonlik kan ek nie maklik glo in boeke wat daarop aanspraak maak dat dit deur 'n engel of "iets anders bo-natuurliks" gedikteer is, of "uit die hemel geval het" nie. So-iets spreek nie van 'n liefdevolle God wat in lewende verhouding as Vader teenoor Sy kinders wil staan nie. Daarom ook, glo ek, die uiteenlopende wyses waarop God die verskillende vertellers, skrywers, oorskrywers en redakteurs "geïnspireer" het.

GEVOLGTREKKING

Die Bybel se geloofwaardigheid en gesag lê myns insiens dus juis in die (a) historiese gebeure self waarvan vertel word, (b) in my geloof en beleving van die God wat sentraal in daardie gebeure beleef is (dink aan die woorde van die NGB – "*omdat die Heilige Gees in ons harte getuig*"), (c) in die getuienis en belewenis van ons broers en susters wat die gebeure ervaar het – 'n getuienis wat ons deel oor dieselfde gebeure soos ek en jy, as gelowiges, dit vandag ervaar, of sou ervaar indien dieselfde met ons sou gebeur, en (d) in die pragtige saamkom van die relasionele aard van die oorspronklike gebeure, die inspirasie en ontstaan van die boeke, en veral die feit dat die relasionele aard van voorgenoemde uiterlike faktore deur die inhoud weerspieël en bevestig word! Hierdie sake dui vir my op daardie "waarheidsmoment" in die Skrif, wat "*in ons harte getuig*" dat ons hier met die openbaring van die Waarheid te doen het.

A. HISTORISITEIT

Met historisiteit word bedoel dat die Bybel, of 'n spesifieke boek van die Bybel, verwys na gebeure wat werklik plaasgevind het. Elke Bybelboek is nie 'n boek wat handel oor die geskiedenis nie, maar daar is talle boeke wat handel oor groot gebeure in die geskiedenis van Israel. Meer korrek gesê: *wat handel oor die mense se getuienis en belewenis van God in gebeure in die geskiedenis*. Dit beteken egter nie dat die Bybel 'n geskiedenis "handboek" is nie. Dit is eerder 'n *geloofsperspektief en interpretasie* van gebeure wat vir latere geslagte sin en perspektief in hulle eie omstandighede gebring het juis omdat hulle daarin vir God ontmoet het. Die feit dat die boeke wel geanker is in geskiedenis, en handel oor werklike mense, is 'n feit wat dit "besondere" maak, omdat dit nie in die eerste plek 'n klomp fabelagtige verhale oor 'n gode-panteon is nie (dink maar aan die verhale van die Griekse, Romeinse en Noorse gode). Die historiese ankers van soveel Bybelse boeke verseker dat ons nie te doen het met 'n filosofie aangaande "n God" nie, en ook nie een mens of een klein groepie se idees oor hierdie "god" nie. Ons het die getuienis van letterlik honderde (duisende?) mense wat in die gebeure betrokke was, ander wat dit oorvertel het, en ander wat dit neergeskryf en oorgeskryf het. Die Bybelse boeke is geanker in die belewenis van baie mense wat getuig van die gebeurtenisse en hulle belewenis van God se hand in daardie gebeure.

B. GELOOFSBELEWENIS

Almal leef met oortuigings, waardes, 'n wêreldbeeld en dalk 'n godsbeeld as deel van die wêreldbeeld. Geloof bepaal op watter manier jy dinge beskou en beleef. Die Bybel ondersteun die manier waarop ons as gelowige individue na die wêreld kyk en dit beleef. My eie, subjektiewe geloof en geloofslewe, indien volgens die Bybel geleef en beskou, getuig dat die Bybel die waarheid praat aangaande die wêreld, my

plek daarin en belewenis daarvan, en veral aangaande God as Skepper, Onderhouer, Verlosser, Alfa en Omega wat in verhouding staan tot my en die wêreld.

C. GELOOFSGEMEENSAP

Ons staan nie alleen in die lewe nie. Ons gedagtes, waardes, oortuigings word gevorm deur die gemeenskap waarin ek woon en groot word. Die geloofsgemeenskap is mense wat dieselfde waardes en oortuigings as ek het. Hulle is die mense wat jou help om jouself "te meet" volgens die regte standaard. Hulle is ook die mense wat sal aandui of jy dalk besig is om die vaste spoor van jou geloofswaardes en oortuigings te verlaat. Hulle is ook die mense wat jou 'n goeie aanduiding sal gee van wanneer jy besig is om "jou kop te verloor". Daarom is dit so ontsaglik belangrik om te weet dat dit nie net ek persoonlik en subjektief is wat die Bybel as gesagvol beskou om oor my en God te spreek nie. Dit is biljoene der biljoene mense wat deel vorm van die geloofsgemeenskap wat deur eeue en eeue strek. Mense wat met my saamstem dat die Bybel werklik met gesag uitsprake oor God maak en daarom ook gesag oor my lewe het. Die geloofsgemeenskap verseker my dat ek nie "van my kop af is" om die Bybel te glo en te volg nie.

Baie interessant is die feit dat die begrip "gesag" in die Bybel telkens voor kom in konteks van die geloofsgemeenskap se nakom of verbreking van God se wil. Dit blyk dus dat die geloofsgemeenskap se rol ten minste net soveel te make het met die konsep "gesag van die Woord van God" as die boek op sigself. Die gesag van God en sy opdragte word direk gekoppel aan die gehoorsaamheid van die volk daaraan. Dit is alleen as mense met hulle lewens **getuig** aangaande die gesag wat die Skrif oor hulle lewens het, dat die gesag van God tot sy volle reg kan kom, anders "tas dit die gesag van die Skrif aan" ('n parafrasering van talle Bybelverse). Sien as vb 2 Petr 2:10 - *Veral hulle sal gestraf word wat toegee aan hulle wellustige vleeslike begeertes en wat die gesag van die Here verag. Hierdie leraars is uitdagend en verwaand en huiwer nie om hemelwesens te beledig nie.*

D. DIE SAMEKOMS VAN GEBEURE, INSPIRASIE, ONTSTAAN EN INHOUD

Wat kan as groter bevestiging van die Goddelike aard en oorsprong van die Bybel se boeke dien as die feit dat dit wat oor God geopenbaar word in die inhoud, weerspieël word in die historiese gebeure, die inspirasiegebeure en die verdere ontstaansgebeure van die boeke? Dit is nie 'n saak wat onkrities af geforseer kan word op elke boek van die Bybel nie, maar wat wel in die algemeen waar is en daarom niks minder is nie as 'n wonder wat van Goddelike krag en planmatigheid getuig. Die konsekwentheid van hierdie sake en die verband daartussen, dien as geloofwaardige argument oor Wie God is, en dat die Bybelse boeke, werklik gesagvolle openbaring oor Hom (en déúr Hom) is.

DIE BYBEL - BESONDERS EN UNIEK

Die Bybel is werklik 'n besonderse samestelling van boeke. Verhale van 'n God wat optree in mense se lewens, liedere wat hierdie God eer, riglyne vir die lewe vir mense wat voor hierdie God wil lewe. Soms verhale oor die geskiedenis van Israel waarin God op die oog af nie eens 'n rol speel nie en nie genoem word nie (Ester). 'n Pragtige liefdeslied van verliefdes aan mekaar (vol baie praktiese en soms grafiese raad), boeke wat dinge bevraagteken en nie bang is om baie skeptiese vrae te vra oor die waarheid van sake nie. Nie minder nie as VIER getuies wat ons vertel van Jesus Christus se lewe, op aarde, tussen mense. Apokaliptiese boeke met vreesaanjaende, dog vertroostende gesigte wat moet help sin gee aan gelowiges in baie moeilike lewensomstandighede. Ten slotte 'n Versameling Boeke wat mense deur duisende jare gelei het om sin in hulle lewens te vind, en selfs om die dood met vrede tegemoet te kan gaan.

Al hierdie eienskappe waarvan hier geskryf is, maak die Bybel werklik uniek – as Biblioteek van verskillende boeke, van wyd-uiteenlopende aard en oorsprong, wat oor 'n lang tyd tot stand gekom het, wat geanker is in geskiedenis, maar wat ook gedigte, liedere, mitiese gedeeltes, drome en gesigte bevat, maar ten spyte daarvan as EEN openbaring van EEN God beskou, beleef en gelees word.

Die Bybel is die EEN boek in die wêreld wat weer en weer gelees kan word, maar altyd nuut bly, wat altyd 'n boodskap of insig vir die gelowige bring. Hierdie ervaring van die nuutheid, varsheid en relevansie van die Woord getuig saam met die Heilige Gees in ons harte dat dit inderdaad die Woord van God is en daarom gesag het oor ons lewens.

Opgestel deur ds Veneto Keyter, leraar NG Kerk Kraggakamma, met samewerking van die lede van die Diensterrein Leer- en Aktuele Sake: Dr GP en Me Marietjie Greeff en mnr EL de Kock. Taalversorging deur Me Elizma Harmse.

Naslaanwerke:

Daar is talle naslaan artikels op die internet te kry. Hier volg 'n paar:

[HTTP://EN.WIKIPEDIA.ORG/WIKI/WESTERN CANON](http://en.wikipedia.org/wiki/Western_Canon)
[HTTP://WWW.ALLABOUTTRUTH.ORG/ORIGIN-OF-THE-BIBLE.HTM](http://www.allabouttruth.org/origin-of-the-bible.htm)
[HTTP://EN.WIKIPEDIA.ORG/WIKI/BIBLE](http://en.wikipedia.org/wiki/Bible)
[HTTP://WWW.TRUTHNET.ORG/BIBLE-ORIGINS/](http://www.truthnet.org/bible-origins/)

Boeke wat gedien het as agtergrond vir hierdie artikel of vir verdere leeswerk:

Barr, J: *Beyond Fundamentalism* (1984)
Deist, FE en Du Plessis, I: *God En Sy Ryk* (1985)
Deist, FE: *Kan ons die Bybel dan nog glo? Onderweg na Gereformeerde Skrifbeskouing* (1986)
Spangenberg, IJJ: *Perspektiewe Op Die Bybel: God se Woord in Mensetaal* (1998)
Van Huyssteen, JWV en Du Toit, BJ: *Geloof en Skrifgesag* (1982)
Van Huyssteen, JWV: *Teologie as Kritiese Geloofsverantwoording: Teorievorming in die Sistematiese Teologie*. (1989)
Van Zyl, AH: *Gods Woord in Mensetaal. Deel 1, Die ontstaan en boodskap van die eerste vyf boeke van die Ou Testament* (1975)